

29 Julie

**Skrifgedeelte: Maleagi 1:1–2:9**  
**Fokusgedeelte: Maleagi 1:6-14**

**Waar is die eer wat my toekom?**

Die boek Maleagi het 'n gesprekskarakter. God praat met sy volk en hulle antwoord. Hulle praat en God antwoord. Die sewetal gesprekke in die boek word telkens deur 'n vraag ingelei. Die volk vra: "Hoe het U ons lief?" (1:2). En dan vra God weer: "Waar is die eer wat My toekom?" (1:6).

Die vraag roep die volk op tot selfondersoek. God is hulle vader en hulle behoort aan Hom en tog is daar nie eerbied nie. Hulle minagting vir Hom word gesien in die minderwaardige offers wat hulle bring – blinde, lam en siek diere.

Iemand wat die Here op so 'n halfhartige manier wil dien, moet dit maar eerder los. Die deure van die tempel moet dan maar eerder gesluit word!

Natuurlik bring ons nie meer diere-offers nie. Maar die vraag: "Waar is die eer wat My toekom?", moet ons ook tot selfondersoek dwing. Dit gaan oor die erns waarmee ons ons godsdienst beoefen. Dit gaan oor die gehalte van jou aanbidding en oor jou hartsgesindheid. Die Here haat 'n halfhartige gesindheid.

Die volk in Maleagi se tyd het hulle maar min gesteur aan die Here se waarskuwings. Daarom het God sy eie Seun gestuur om sy eer te herstel. Hy doen dit deur self die volmaakte offerlam te wees. Sy soenoffer het die mens met God versoen en sy eer herstel. Gee jy aan Hom die eer wat Hom toekom?

*Sing: Psalm 40:4*

*Ds AL Pelsner (Meyerspark)*